**Leef jou Roeping – Ontdek jou Gawes kursus: LEIERSGIDS**

(nav Network)

Sessie 1 – "Imagine a Church..."

Sessie 2 – Die doel van Gawes (The purpose of gifts)

**Sessie 3 – Ontdek jou Gawes (The discovery of gifts)**

Sessie 4 – Die krag van Liefde (The power of love)

Sessie 5 – Die invloed van Passie (The influence of passion)

Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)

## Inleiding – *notas vir leiers*

Die doel van hierdie handleiding is om vir leiers riglyne te gee vir kleingroepgesprekke oor die saak van gawes. Hierdie handleiding word saam met die Network participant guide (deelnemers-handleiding) gebruik. Die veronderstelling is dat elke groeplid 'n deelnemers-handleiding het.
Daar word verwys na 'n dvd, so ver moontlik is dit op youtube beskikbaar en gaan die links daarheen vir ingesluit word in die materiaal. Kyk dit asseblief – omdat dit die gesprek aanhelp.

**Nota 1:** Die bybelstudies na aanleiding van die eerste 2 preke van die reeks fokus baie sterk op God en hoe God is. Die bedoeling daarmee is baie duidelik dat ons nie kan weet wat ons roeping is, as ons nie eers baie mooi verstaan wie is die Een wat ons roep nie. Dit is God wat ons roep. En hierdie God is heilig (wwek 1) en HY werk kragtig (week 2). Ons moet nooit dink dat dit in gawes gaan oor hoe oulik ons is nie, want **dit gaan ten diepste oor God en wie Hy is**.

**Nota 2:** As ons oor gawes begin praat dan is die implikasie duidelik dat dit ten diepste daaroor gaan dat ons gawes kry om daarmee te dien en die liggaam van Christus op te bou – so weer gaan dit nie oor ons nie, **maar oor die liggaam – 1 Kor 12:1-7**

## **Sessie 3 – Ontdek jou gawes (**The discovery of gifts)

**Inleiding**

Verlede week is almal met baie huiswerk huis toe gestuur en dit sal dalk net goed wees om te re-cap oor elkeen se ervaring met die invul van die vraelyste oor gawes. (*Elke groeplid moet die vraelys ingevul het, anders gaan hierdie sessie baie moeilik wees...)*

Daar is die afgelope 2 weke gekyk na:

- Definisie van 'n geestelike gawe;
- Die gawes van die Gees in die Bybel gelys;
- Die gawes gepas by hul bekrywings;
- Ons eie persoonlike gawes geidentifiseer.

Die fokus van hierdie week is om in groter detail na elke groeplid se unieke gawe te gaan kyk. 1 Kor 12:1

**Saambid –** begin deur saam te bid en die Here te vra om vir ons duidelik op hierdie pad te lei en kragtig in ons lewens te werk. Dank Hom ook vir sy unieke plan met en unieke gawes van elkeen van die groeplede.

**Elkeen se unieke gawe (daar is nie 'n video-insetsel beskikbaar nie... skip p 71)**

**The true and final test of your Spiritual Gifts comes through the AFFIRMATION (*BEVESTIGING*) of the body of Christ.**

**Hoe verstaan julle hierdie opmerking?**

**Verduideliking van Gawes**

Die *reference assessment* vanaf p 72 in die handleiding gaan meer inligting oor elke gawe gee, asook of dit jou spesifieke gawe is of nie.

- Elkeen doen hierdie oefening eers op sy/haar eie.
- Gaan terug in jou handleiding na p 68 en neem jou "top" gawe.
- Kry die beskrywing van jou spesifieke gawe – van p 73-95 (elke gawe word hier in detail genoem en is alfabeties gelys)
- Merk die boksies□ by ***Distinctives, Traits en Cautions*** wat jy dink op jou van toepassing is. As jy agterkom dat dit wat jy merk glad nie ooreenstem met wie jy is nie, gaan kyk na jou tweede of derde gawe en herhaal hierdie oefening.
- Lees die Skrifgedeeltes oor jou gawe baie goed deur.

**Groepsbevestiging (p 96)**

Gesels nou in die groter groep saam oor elkeen se gawes op die volgende manier:

- Deel met die groep wat jou top gawe is en waarom jy dink dat dit wel jou gawe is (indien nie, maar jou tweede of derde gawe is ‘n beter pas, gebruik dit dan, maar sê waarom jy dink die eerste is nie jou top gawe nie.)
- Watter ***Caution*** is direk op jou van toepassing in die gebruik van jou gawe?
- Gee vir elkeen kans om sy/haar gawe te motiveer en luister na elkeen se caution.
- Gee geleentheid vir vrae aan mekaar
- Watter waarde het hierdie oefening vir elkeen gehad? Wat het jy daaruit geleer oor jouself en jou gawe?

**Algemene waarskuwings: (p 97)**

Daar is waarskuwings (cautions) by elke gawe, maar daar is ook ‘n paar algemene waarskuwings waaraan elkeen moet aandag gee.

Die eerste waarskuwing is die gevaar van **PROJEKSIE** – daarmee verklaar iemand dat almal daardie persoon se gawes het of moet hê.  Dit gebeur amper outomaties – as ons bv maklik dien in ‘n sekere area, is dit soms vir ons moeilik om te verstaan dat iemand anders nie dieselfde daaroor voel nie. Jy kan nie verwag dat iemand wat nie die gawe het, eenders as jy met die gawe moet voel oor ‘n saak nie!

Wat sê **Romeine 12:6** hieroor?

Die tweede waarskuwing is **GAWE VERHOGING** – as jy dink dat jou gawe beter is as iemand anders se gawe. Ons mag nooit dink dat sekere gawes belangrik en beter is as ander nie. Elkeen het ‘n unieke bydrae tot die opbou van die ligaam van Christus.

Wat sê **1 Kor 12:21** Hieroor?

**The Animal Story**

Verskillende diere is verskillend gemaak en het verskillende gawes. Eende kan bv goed swem, maar hardloop stadig – en as ‘n eend die heeltyd gaan hardloop gaan sy gewebde pote seerkry en kan hy ook nie meer goed swem nie.
Hase kan baie goed hardloop, maar is glad nie gemaak om te swem nie en as ‘n haas moet swem kan sy dalk spiere in haar been seer maak wat gaan maak dat sy nie goed kan hardlooop nie.
Eekhorings kan baie goed boom klim en glad nie vlieg nie, as hy probeer vlieg kan hy so seer kry, dat hy later nie kan boom klim nie. Etc, etc...
As hierdie diere byvoorbeeld doen waarvoor hulle gemaak is, blink hulle uit. As hulle op tereinne beweeg waarvoor hulle nie geskep is of nie die gawes voor het nie, was hulle glad nie effektief nie.
Ongelukkig doen ons dit soms in die kerk – ons wil hê eende moet loop! En dan raak mense gou moeg, raak gefrustreerd en gee maklik moed op.  Dit is hoekom dit so NB is om uit te vind wat elkeen se gawe is.

**Samevatting en saambid**

Dit sal goed wees om net ‘n bietjie te reflekteer – en laat elke groeplid dalk net sê wat hulle die meeste getref het van die Bybelstudie.  Sluit die byeenkoms af met gebed.